



GENERAAL DE WET.
LAASTE FOTO.

CHRISTIAAN DE WET.




GENERAAL DE WET.

# VOORBERIG.

---

Met die versameling van stof vir hierdie lewensbeskrywing, het ek ontdek dat daar haas geen persoonlike briewe van generaal De Wet bewaar gebly is nie; en, verder, dat kosbare bronne verlore gegaan het. Dit is die geval gewees veral met betrekking tot die papiere en dokumente wat hy oral met hom meegeneem het in sy waentjie. Op 2 Maart 1902 was hy verplig, deur die altyd groter wordende druk van die Engelse troepemagte, om die waentjie af te skaf; en hy het toe al sy papiere in die grot op die plaas van generaal Wessel Wessels weggebêre. Twee dae daarna het 'n mag van die vyand, onder kolonel Rimington, die grot ontdek, en daaruit die dokumente weggeneem. Is die dokumente bewaar, en is hulle nog êrens te vind?

Ander dokumente van waarde is ook verlore gegaan gedurende die gebeurtenisse van die laaste maande van 1914, en ook as gevolg daarvan, dat generaal De Wet verskillende male van plaas tot plaas verhuis het, ook ná die oorlog.

Maar alles wat ek kon bemagtig, het ek geraadpleeg: Volksraadsnotule van die Oranje-Vrystaat, en die Oranje-Rivier-Kolonie, parlementêre stukke in verband met wat daar in 1914 plaasgevind het, oorlogsboeke, lêers van koerante.

Onskatbaar was veel wat ek uit die mond van generaal De Wet gehoor het gedurende die oorlog, en, veral, op 'n lang besoek wat ek, enige maande

gelede, aan hom op sy plaas gebring het, met die oog op versameling van stof vir hierdie werk. Wat hy my meegedeel het, het ek sorgvuldig gekollasioneer en vergelyk met wat ek uit ander bronne kon put. Van waarde was ook wat ek van lede van sy familie en van ander persone kon te wete kom.

Wat daar hier meegedeel word van mevr. De Wet, moet eintlik beskou word as outobiografies, omdat ek die besonderhede van haar wederwaardighede byna uitsluitlik uit haar eie mond opgeteken het.

Aan De Nationale Pers moet ek my dank betuig. Reeds lank het ek die begeerte gehad om 'n lewe van generaal De Wet te skryf. Die hartlike hulp deur De Nationale Pers gegee en sy voorkomenheid op meer as een manier aan my bewys, het my in staat gestel om my doel te bereik. Ook moet ek dank betuig aan die Kommissie van De Kerkbode, wat my enige maande verlof van afwesigheid gegee het, om my aan die opstel van hierdie werk te wy. Aan familiebetrekkinge van generaal De Wet en ander moet ek vir veel gewaardeerde hulp danksê, en in sonderheid moet ek die naam noem van die heer J. I. de Wet, oudste seun van die Generaal.

Kaapstad,

7 Julie 1920.

# INHOUD.


| | BLS |
|---|---|
| HOOFSTUK I.—Afkoms en Kindsheid | 1 |
| HOOFSTUK II —Huwelik | 9 |
| HOOFSTUK III.—Die Transvaalse Vryheidsoorlog | 17 |
| HOOFSTUK IV.—Terug na die Vrystaat | 30 |
| HOOFSTUK V.—Volksraadslid | 35 |
| HOOFSTUK VI.—Engeland en die Republieke | 43 |
| HOOFSTUK VII —Oorlog | 48 |
| HOOFSTUK VIII.—Vrystaatse Westergrense | 55 |
| HOOFSTUK IX.—Bloemfontein Ingeneem | 62 |
| HOOFSTUK X —Sannaspos | 66 |
| HOOFSTUK XI.—Rooiwal | 72 |
| HOOFSTUK XII —Bosveld-toe | 79 |
| HOOFSTUK XIII —Organiseer in die Vrystaat | 88 |
| HOOFSTUK XIV.—Inval in die Kaapkolonie | 100 |
| HOOFSTUK XV —Twede Inval | 110 |
| HOOFSTUK XVI —Proklamasies van die Engelse | 118 |
| HOOFSTUK XVII —Groot Krale | 123 |
| HOOFSTUK XVIII —Na die Transvaal | 130 |
| HOOFSTUK XIX.—Vredesonderhandelinge | 135 |
| HOOFSTUK XX.—Besoek aan Europa | 146 |
| HOOFSTUK XXI.—Minister van Landbou | 162 |
| HOOFSTUK XXII.—By die Vroue-Monument | 169 |
| HOOFSTUK XXIII —Europa aan Brand | 173 |
| HOOFSTUK XXIV.—Wat Generaal De Wet gedink het | 177 |

BLS.

HOOFSTUK XXV.—Vergaderinge op Koppies 191

HOOFSTUK XXVI.—„Dan is ek dié Rebel!" 199

HOOFSTUK XXVII.—Broederbloed word vergiet 206

HOOFSTUK XXVIII.—Broederoorlog 215

HOOFSTUK XXIX.—Weswaarts, Weswaarts 219

HOOFSTUK XXX.—In die Fort 225

HOOFSTUK XXXI.—Die Verhoor 229

HOOFSTUK XXXII.—In die Gevangenis 235

HOOFSTUK XXXIII.—Dood van President Steyn 245

HOOFSTUK XXXIV.—Die Persoon van De Wet 251

BYLAE A (sien bladsy 157).—Het Middelburgse Voorstel, 7 Maart 1901 256

BYLAE B (sien bladsy 119).—Brief van die Transvaalse Regering aan die Vrystaatse 259


BYLAE C (sien bladsy 122).—Proclamatie [1]) 262

BYLAE D (sien bladsy 139).—Voorstel van die Imperiale Regering aan die Volksverteenwoordigers op Vereniging Voorgedra 265

BYLAE E (sien bladsy 144).—Voorstel van die Vergadering van Volksverteenwoordigers, Vereniging, die Britse terme aannemende 269

BYLAE F (sien bladsy 215).—Korrespondensie tussen President Steyn en die Unie-Regering 272

BYLAE G (sien bladsy 217).—Korrespondensie tussen President Steyn en die Unie-Regering 276



Vader en Moeder van Genl. De Wet.